Briewe - Letters

Stuur aan: Die Nuusredakteur
E-pos/E-mail: waldie@rustenburgherald.co.za
Faks/Fax: 014-592 1869

Dankie... en dankie!!!

Die redakteur,

Op Dinsdag 15 Desember 2009 was ons ouers in 'n botsing betrokke op die hoek van Brinkstraat en Beyers Naudé Rylaan. Die robot was sedert Sondag 13 Desember 2009 buite werking. Ons pa het dit hanteer as 'n 4-rigting stop - wat mens veronderstel is om te doen.

Die eerste dankie: Ons (kinders) wil net baie dankie sê aan al die mense wat gehelp het op die toneel. 'n Spesiale dankie aan Rianne wat na hulle "seer" welstand omgesien het, Sheryl du Toit wat gehelp het om ons pa so saggies moontlik uit die kar te help - en wat gesorg het dat die behulpsame SAPS-lede op die toneel nie die kar oor sy voete stoot nadat die ambulanspersoneel hom op die teerpad neergelê het om hom te stabiliseer, nie. Ook aan André Steyn en sy ouers, Cobus Combrink, ER24 en Netcare 911 baie dankie. Dan aan die onbekende vrou (iemand se huishulp dalk?) wat die heeltyd ons ma se gesig gevryf het en seker gemaak het dat sy nie haar bewussyn verloor nie, baie dankie. Eerste Provinsiale Inspekteur N Nengovhela wat puntdiens gedoen het totdat die ander mense opgedaag het, baie dankie! Jammer as ons iemand oorgeslaan het en nie bedank nie, maar ons glo julle sal verstaan.

En dan: Die laaste dankie gaan aan die Stadsraad van Rustenburg!

Op Maandag, 14 Desember, om 08:00 het mnr Rassie Erasmus die stukkende robot aan die Elektrotegniese Afdeling gerapporteer. 'n Dame werksaam by munisipale verkeer het ook Maandag en die betrokke Dinsdag dit weer gerapporteer. Nou ja, die hele Rustenburg weet hoe gevaarlik Beyers Naudé-rylaan en Mbeki-rylaan is. Ek glo die betrokke personeel in beheer besef ook hoeveel noodlottige en ander ongelukke al by dié spesifieke robotte en strate was. Ses-en-twintig uur nadat die robot die eerste keer gerapporteer is, het die mense uitgegaan na die robot.

Nou vra ek: Wat het geword van die draagbare STOP-tekens wat vroeër by stukkende robotte geplaas is? En wat het geword van die Public Safety beamptes (dankie vir die twee wat daar was nadat hulle gebel is). Jy sien hulle net wanneer hulle inkopies doen en by skole en kleuterskole - nie om puntdiens te doen nie, maar om hulle eie kinders op en af te laai. Moet die publiek nou maar self inspring en puntdiens doen waar robotte nie werk nie?

ACE.

BELANGRIK

Lesers word gevra om briewe kort en saaklik te hou. Skrywes wat lasterlik is, 'n party-politieke inhoud het of by implikasie 'n advertensie vir 'n besigheid bevat, kan ongelukkig nie gehuisves word nie.

Lesers word gevra om alle briewe te onderteken (al word 'n skuilnaam gebruik) EN HUL TELEFOONNOMMERS TE VOORSIEN.

• Die Rustenburg Herout vereenselwig hom nie noodwendig met menings wat uitgespreek word deur briefskrywers en rubriekskrywers nie.

IMPORTANT

Please keep your letters short and to the point. Letters which contain slander, party political propaganda or advertising for business concerns cannot be accommodated. Please sign all letters (even where a non de plume is used) and SUPPLY YOUR TELEPHONE NUMBER.

• The Rustenburg Herald does not necessarily agree with the opinion expressed in letters and columns.

Standpunt

Plaasmoorde - wanneer sal dit end kry?

Suid-Afrikaners is die afgelope naweek skaars enkele weke na die sogenaamde seisoen van welwillendheid deur die soveelste plaasmoord en aanval op bejaardes geruk. Soos altyd die geval is, was die aanvallers 'n bende van meer as 'n halfdosyn gewapende mans terwyl hul slagoffers twee bejaarde, ongewapende pensioenarisse was wat hulself hoegenaamd nie kon verdedig nie.

Boonop is die bejaardes in die vroeë oggendure oorval terwyl hulle die moeite gedoen het om uit te gaan en te gaan werk - 'n konsep met die betekenis waarvan die aanvallers sekerlik nooit iets sal verstaan nie - nee, hierdie mense is gevoellose, gewetenlose en skaamtelose parasiete wat duidelik daarop uit is om op weerlose bejaardes jag te maak en te neem wat hulle wil, maar nie sonder om hul onversadigbare drang om dood te maak te versadig nie - soos die diere wat hulle is!

En ja, net soos die patroon die afgelope bykans 16 jaar nou al onversteurbaar in die Suid-Afrikaanse samelewing (veral in partypolitieke- en regeringskringe) gevestig is, het die Suid-Afrikaanse regering en sy ondersteuners nie 'n wenkbrou gelig oor die verlies van lewe en eiendom en die nimmereindigende droefheid wat bose mense in dié land toegelaat word om wetsgehoorsame mense aan te doen nie.

Maar ja, vir die sokkerspektakel word derduisende miljoene rande ingepomp om die indruk te probeer skep dat dié regering in beheer van sy sake is terwyl almal, selfs ingeligtes in die buiteland, weet dat dit hoegenaamd nie die geval is nie.

Hoe kan enige regering wat absoluut niks vir sy mense omgee beweer dat hy in beheer is? Is die regering byvoorbeeld in beheer van korrupsie, van motorkapings, van verkragting, van wanbestuur, wanaanwending van belastingbetalersgeld, van ons patetiese onderwysstelsel en mediese sorg en van moorde op polisielede watwou nog ondersteuners van anderkant die politieke spektrum?

Kan dit wees dat die komende sokkertoernooi net 'n teelaarde is om met voorbedagte rade (maar ewe winsgewende wyse) goeie geld uit minstens 'n miljoen sokkermal besoekers te maak - boonop teen 'n uiters gunstige wisselkoers? Is dit dan nie wat joernaliste van 'n bekende media-instelling pas uit die monde van misdadigers gehoor het nie en boonop gedagvaar is om die inligting bekend te maak nie? (Nog 'n bewys dat Suid-Afrikaanse joernaliste beter toegerus is om inligting uit misdadigers te kry as ons polisie en intelligensiediens).

'n Mens kan sekerlik tog nie kwalik geneem word vir hierdie veronderstelling nie - veral nie as die moontlikheid in ag geneem word dat daar sekerlik tog nie werklikwaar meer baie oor is wat van plaaslike mense gesteel kan word nie?

Teen die agtergrond van dit het wetsgehoorsame burgers en lojale belastingbetalers die skrale troos dat die miljoene wat dit die Suid-Afrikaanse regering gekos het en nog gaan kos om die internasionale wêreld 'n rat voor die oë te probeer draai, ewe geesdriftig aangewend sal word om vir slagoffers van misdaad, vir diegene waarteen daar nou ondanks die Grondwet gediskrimineer word, vir die kundiges wat weens hul velkleur gediskwalifiseer word, deur middel van die internasionale media 'n wêreldwye podium te skep, want kom ons erken dit maar - die media hou van 'n skinderstorie - die storie agter die storie...

Ons gun sokkergeesdriftiges hul sport, hul vreugde en wat hulle ook al uit hierdie geleentheid gaan put, maar vir mense wie se toekoms of geskiedenis aan 'n draadjie hang, is dit maklik om te sê daar is nie 'n vergelyking nie. In die stadium is daar min te twyfel oor hoe Suid-Afrika se Skandmuur van 2010 gaan lyk - en dat derduisende internasionale getuies daarin geforseer kan word... (Standpunt deur Waldie Volschenk, Coetzerstraat 13, Rustenburg).

Die gemors wat uit die wasmasjien gehaal is.

Gemors na wasmasjien se diens

Die Redakteur:

Wat is reg? Ek vra vir die herstel van my wasmasjien se spinner. Die diens kos my 'n fortuin en die pomp en pype word skoongemaak. Die volgende dag werk die spinner steeds nie.

Ek moet nog twee dae wag om te hoor daar kan eers na die naweek weer daarna gekyk word. Die insinuasie is daar dat ek dit moes gebreek het want dit het gewerk na hulle diens.

Die naweek kry ons iemand anders... en 'n koppievol gemors (soos die foto wys). Ek gaan Maandag terug, wys die halwe werk en vra my geld terug. Dit word geweier.

Weer is die insinuasie daar dat ek dit oor die naweek (aspris) gedoen het, want dit was nie daar toe hulle gekyk het nie. Ek word beskuldig van ongeduld: as ek kon gewag het tot Maandag, sou hulle dit gekry het, glo teen geen ekstra koste nie en dat ek maar prokureur toe kan gaan, want hulle het baie tyd.

Nou wonder ek net, van wanneer af mag daar so ongeskik teenoor kliënte opgetree word? Is ek verkeerd? Wat is reg?

Ek seën die geld na jou toe, jy hoef nie eendag aan my verantwoording te doen nie.

Koppievol gemors.

Teleurgesteld

Die Redakteur:

Groot was my opgewondendheid om die Belastingbetalersvereniging se onlangse vergadering by te woon. Ek het werklik gedink dat ons in 'n rigting beweeg.

Groot was my teleurstellling met die vergadering. Ek het die vergadering verlaat saam met ander wat ook opgestaan het. Meneer die spreker, al die inwoners van Rustenburg is nie Afrikaans nie.

Buite het ek met twee Indiërmans gepraat wat ook graag hul gewig by julle wou ingooi, maar nie heeltemal verstaan het wat jy in Afrikaans probeer verduidelik het nie.

Nog 'n poging wat kon werk, maar misluk het.

A Pieterse.

SAVF sê dankie!

Die Redakteur:

SAVF Rustenburg wil net baie dankie sê aan die weldoener wat R500 as donasie in die organisasie se rekening inbetaal het. Ons weet nie wie u is nie, maar dit is mense soos u wat die hande van die SAVF sterker maak om die gemeenskap te dien. Mag u in dubbelvoud terug ontvang.

Mev Pieterse (voorsitter).

Aan die mamma wat in 'n uitgawe van die Rustenburg Herout (November/Desember 2009) 'n mak eekhoring vir haar dogtertjie gesoek het nadat dié se eekhoring dood is, ons het 'n mak eekhorinkie maar kon ongelukkig nie jou advertensie opspoor nie. To the mom who was looking for a tame squirrel for her little girl, we have one for you. Please contact Michele on 083 431 4799 or 087 940 6796.

Time to clean up

The Editor

I am saddened to see that our once beautiful city is decaying by the day. Pavements are uprooted and weeds are the order of the day!

Perhaps its time to stop waiting for the Rustenburg Municipality, its managers and cronies to do something about it and start being pro-active ourselves.

We should be proud of our city and I would suggest that business clean up the areas directly in front of their respective premises. The 2010 Fifa Soccer tournament is coming - the current situation is an embarrassment!

Paul Francisco

Bitter nasmaak

Die redakteur:

Die werwing van oud-polisielede is 'n poging om die krisis in die polisie te probeer verlig met die oog op die Sokker Wêreldbeker later vanjaar. Die krisis in die polisie is dat dit uit bykans 200 000 lede bestaan, maar nie oor die nodige kundigheid beskik nie. Daar is in die verlede gewaarsku dat die blote vermeerdering van lede nie 'n oplossing is sonder die nodige standaarde van opleiding en kundigheid nie. Die werwing van oud-lede wat oor hierdie kundigheid beskik is 'n bewys hiervan, en dui op krisisbestuur in die polisie.

Oud-lede sal ook skugter wees om weer aan te sluit weens die swart-op-wit rassisme in die polisie. Tans is verskeie sake aan die gang waar swart polisielede vals klagtes teen wit polisielede gelê het. Dit word gedoen om teen wittes te diskrimineer. Blanke lede word vir die geringste klagte geskors en verloor hulle salarisse en mediese voordele totdat die sake afgehandel is, maar swart lede kan net voortgaan met hulle werk. Hoewel die aanstelling van oud-lede en hulle kundigheid verwelkom word, sal hierdie rassisme eers gestaak en uitgeroei moet word. Dit was lank beleid in die polisie om van blanke lede ontslae te raak. Dit is ook amptelike polisie beleid dat blanke lede onder geen omstandighede bevorder word nie. Gesien in hierdie lig is dit geen wonder nie, en spreek dit vanself dat 'n geweldige bron van kundigheid verlore gegaan het. Dit kan aanvaar word dit bitter min blanke oud-polisielede enigsens daarin sal belangstel om terug te keer. Die skade is onherroeplik. Blanke oud-polisielede het intussen aanbeweeg, en 'n uiters bitter smaak is nagelaat.

Die "uitdelging" van blanke polisielede het grotendeels bygedra tot die huidige "ineenstorting" van die polisie en die misdaadgolf wat tans die land regeer. Hierdie tendens is in sy volle omvang ook in Rustenburg te bespeur, met die hoogste misdaadsyfer in die hele Noordwesprovinsie, en is ook die stad met die vierde-hoogste misdaadsyfer in die hele Suid-Afrika.

EE Vosloo